PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld.

15 Augustus 2021

Vanoggend se erediens

Tema: As Covid-19 jou moeg en moedeloos maak

Skriflesing: Num 21:4-9

Die pandemie hou nou al lank aan, en dit maak 'n mens moeg. En geen einde in sig nie. Dalk wonder jy hoekom God niks aan die situasie doen nie. Dis wat die Israeliete in die woestyn gewonder het.

God se antwoord op hulle moedeloosheid is baie anders as waarop die Israeliete gehoop het.

Só glo ons

Ek glo ...

Heidelbergse Kategismus

Vraag 36: Watter nut kry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek.

Ons Program

Vandag

- **Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom.
- **Sondagskool**
- **Deuroffer**: Vennootskappe Reformed Church in Zambia

Sondag 22 Augustus

- **Informele diens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool**
- **Deuroffer:** Opleiding van Teoogiese Studente

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê**.** Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Augustus

16 Heinie Grobbelaar
17 Barend de Lange
19 André Pienaar
20 Bertus Groenewald; Franco Labuschagne

Nuwe lidmate

Koos en Soekie Strachan.
Hulle vorm deel van wyk 3, met Leana Hugo as diaken en Daleen Krige as ouderling.
Baie welkom by ons gemeente, mag julle gou tuis voel hier by ons!

Voorbidding

- Ds. Pieter Poley – Suster is oorlede en sy swaer het 'n beroerte gekry.
- Lulu en André se seun Drean, hy sukkel om te herstel van Covid.
- Annetjie en Hannes Coetzee se seun Dirk Coetzee, sukkel om te herstel van Covid.
- Annie Small (in hospitaal)
- Elsa Ebersöhn (onder behandeling vir bloeiende maagseer)



Die toekoms van die aarde is op die spel

Hopelik gaan die politieke en ekonomiese leiers van die wêreld, wat vanaf 31 Oktober tot 12 November in Glasgow vir die 26ste Conference of the Parties (COP) vergader, hulle ernstig aan die jongste Intergovernmental Panel on Climate Change (IPCC)-verslag steur. Mag hulle tog doen wat nodig is om die mens van sy dwaasheid te red – dat ons eiehandig sorg dat lewe soos ons dit vandag ken (ons eie inkluis) uiteindelik nie meer op aarde moontlik sal wees nie.

Ons is heel waarskynlik die laaste geslag wat nog iets daaraan kan doen om die verwarming van die aarde se atmosfeer tot 'n leefbare vlak in te kort. Kom ons doen alles wat ons kan – met blydskap.

Leraar:	**Jaco Thom**	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor:	**Madette Lombaard**	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis:	**Elmien Thom**	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster:	**Annamarie Dercksen**	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf	www.ngkerkpetrusburg.co.za		*facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
Bankrekening	ABSA Tjekrekening 2610580001		